# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) English\Afrikaans | Desember 2017


# Less red tape for business

**ANOTHER INVESTSA** One Stop Shop has been launched to provide investors with services to fast-track projects and reduce red tape.



The KwaZulu-Natal InvestSA One Stop Shop is expected to create much-needed jobs in the province.

President Jacob Zuma launched the InvestSA One Stop Shop to help unlock opportunities for growth and investment in KwaZulu-Natal.

InvestSA's One Stop Shops – which were also rolled out in Gauteng and the Western Cape earlier this year – house government entities like SARS, Home Affairs, Environmental Affairs, Eskom and the Companies and Intellectual Properties Commission under one roof to reduce red tape, decrease costs and make business easier.

The primary aim of the provincial One Stop Shops is:

- to co-ordinate and incorporate special economic zones,
- provincial investment agencies,
- local authorities and government departments involved in regulation, registration, permits and licensing matters.

Chairperson of the KZN Business Chambers Council, Dominic Collett, said that the One Stop Shop provides hope for prosperity and job creation through the injection of investment from outside the province.

"This will strengthen the province's value proposition to investors as a preferred destination for investment.

"It will also attract new markets to KZN through creating a conducive environment for trade and investment, making the

Cont. page 2



**Clean water for rural KZN community**

Page 4



**Protect children from sexual predators**

Page 8

2030 NDP


ALSO AVAILABLE ON:

ANDROID APP ON Google play

Available on the iPhone App Store

@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za

www.vukuzenzele.gov.za

E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za

Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy


*"The fight for freedom must go on until it is won; until our country is free and happy and peaceful as part of the community of man, we cannot rest."*

Oliver Tambo - Georgetown University, January 27, 1987

Life and legacy of **OR TAMBO. 100 YEARS**



# Swaar vonnisse vir bedrieglike huwelike

**DIE DEPARTEMENT** van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling het bevestig dat 'n vonnis van tot 15 jaar tronkstraf vir 'n gerieflikeidshuwelik opgelê kan word.

Josephine Peta, senior regsadministrateur in die Kantoor van die Gesinsadvokaat in die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling, verduidelik dat bedrieglike gerieflikheidshuwelike ooreenkomste is wat tussen Suid-Afrikaners en buitelandse landsburgers gesluit word.

Die buitelandse burger word dan 'n Suid-Afrikaanse burger en is op voordele geregtig.

"Buitelandse burgers kom na Suid-Afrika as besoekers en maak aanspraak op asielstatus. Hulle koop of huur dan 'n man of vrou om Suid-Afrikaanse burgerskap te verkry," sê sy.

Peta sê die heersende prys vir hierdie gebruik is tussen R10 000 en R50 000 as 'n eenmalige bedrag. Soms kan 'n Suid-Afrikaanse burger vir R2 000 per dag gehuur word.

Die gebruik betrek nie net die partye by die 'huwelik' nie, maar ook huweliksbevestigers en amptenare van die Departement van Binnelandse Sake, wat as 'n sindikaat saamspan om die Suid-Afrikaanse regering en landsburgers te bedrieg.

**"Buitelandse burgers kom na Suid-Afrika as besoekers en maak aanspraak op asielstatus. Hulle koop of huur dan 'n man of vrou om Suid-Afrikaanse burgerskap te verkry."**

"Nadat burgerskap só verkry is, skei die buitelandse burger en die toestemmende Suid-Afrikaner, wat die weg baan vir hul 'regte' eggenoot en kinders uit 'n ander land om by hulle in Suid-Afrika aan te sluit."

Die instemmende Suid-Afrikaner kontak dan die Departement van Binnelandse Sake en gee voor dat hy of sy 'n slagoffer was en nog nooit die man of vrou ontmoet het nie.

Peta beskryf 'n huwelik as 'n regsgeldige kontrak tussen twee toestemmende volwassenes.

"Die huwelik kan nie ligtelik opgeneem en misbruik word net om burgerskap te verkry nie. Wanneer toestemmende Suid-Afrikaners aan sulke praktyke deelneem, pleeg hulle ook bedrog."

Sodra die status van die voorheen ongetroude persoon verander, beperk dit ook hul aanspraak om bepaalde voordele van die regering te ontvang, soos 'n SASSA-toelaag.

Sulke huwelike kan nooit deur 'n egskeiding ontbind word nie; dit kan slegs deur die Hoëhof nietig verklaar word. In hierdie geval moet die sogenaamde 'slagoffer van bedrog' buitensporige regskoste betaal om die huwelik nietig te laat verklaar. V




**Het jy geweet?**
Tussen 2007 en 2010 is ongeveer 7 000 bedrieglike of gerieflikheidshuwelike voltrek.

### Hoe om jou huwelikstatus te bevestig

Die Departement van Binnelandse Sake het 'n fasiliteit geskep waardeur die publiek hul huwelikstatus kan nagaan. SMS die letter M, gevolg deur jou Suid-Afrikaanse identiteitsnommer **(byvoorbeeld: M 5001010050080) na 32551.** Jy sal 'n SMS terugontvang wat jou huwelikstatus en die datum van huweliksluiting bevestig. 'n Bedrag van R1 per SMS word deur jou diensverskaffer gehef.

### Bekamping van die probleem



- Die Departement van Binnelandse Sake het 'n nuwe biometriese stelsel in gebruik geneem, waarvolgens elke party by 'n huwelik hulle vingerafdrukke op die dokumente moet aanbring voordat die huweliksertifikaat uitgereik word.
- Die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap het streng vereistes rakende die verkryging van burgerskap ingestel.

Ingevolge die Wet, wat in 2013 afgekondig is, moet Suid-Afrikaners reeds minstens agt jaar lank in die land wees voordat hulle om Suid-Afrikaanse burgerskap kan aansoek doen.




# Get help fast

**AN APP HAS** been designed to assist in the fight against crime in Gauteng.

The Gauteng Department of Community Safety has partnered with non-profit organisation Happimo to pilot its safety app Namola, which aims to reduce the amount of time it takes law enforcement to attend to emergencies.

Namola is designed to improve alert and dispatch times to under one minute.

Namola, which is free to download from app stores, enables users to easily share their GPS coordinates, name and nature of the emergency.

Namola improves efficiency and pinpoints the user's exact location, making it easy for emergency services to find them.

Community Safety MEC Sizakele Nkosi-Malobane said the pilot project that's being run in collaboration with Gauteng Traffic Police, will initially see 20 vehicles fitted with and using the system.

"This innovation should be applauded because for some time there has been an outcry from some community members about the delay in response time to crime scenes and emergency incidents. I am excited that this will now be a thing of the past," she said.

"Gauteng Traffic Police has already installed the application in our fleet, test runs have been conducted, a control room has been set up at our head office and it's fully functional." V

# Beskerm kinders teen seksuele jagters

**NAMATE DIE** 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld Teen Vroue en Kinders ten einde loop, laat *Vuk'uzenzele* die kollig op die seksuele gereedmaking van kinders ('grooming') val.

**Dale Hes**

Die 16 Dae van Aktivisme vir Geen Geweld Teen Vroue en Kinders is 'n gepaste tyd om oor die seksuele gereedmaking van kinders te besin en streng daarteen op te tree.

Hoewel seksuele gereedmaking van kinders vir talle Suid-Afrikaners 'n onbekende begrip is, behoort alle ouers, gemeenskapsleiers en regeringsamptenare van hierdie gevaar vir onskuldige kinders bewus te wees.

## Wat is seksuele gereedmaking van kinders en wie word geteiken?

Seksuele gereedmaking van kinders word omskryf as die proses om met 'n kind vriende te maak en met hom of haar (en soms met die kind se familie) 'n emosionele band te smee, met die oog daarop om die kind se skanse af te breek vir doeleindes van seksuele misbruik.

Kinders so jonk as drie jaar oud was al teikens van seksuele jagters wat kinders seksueel gereedmaak ('groom'), maar die meeste slagoffers is tussen 11 en 17 jaar oud. Die meeste gevalle



waar tieners betrokke is vind op die internet plaas, veral deur middel van selfone, en kinders met aandagsoekende gedrag is veral in gevaar.

> **"Kinders so jonk as drie jaar was al teikens van seksuele gereedmaking, maar die meeste slagoffers is tussen 11 en 17 jaar oud."**

In 'n onlangse voorval is 'n munisipale burgemeester daarvan beskuldig dat hy 'n tienermeisie, 'n vriendin van een van sy familielede, seksueel gereed gemaak het. Daar is onder andere beweer dat hy die meisie oortuig het om naakfoto's met hom uit te ruil.

## Hoe gebeur dit?

Mense wat kinders vir seksuele misbruik gereedmaak kan probeer om die ouer of voog se vertroue te wen ten einde maklik toegang tot die kind te verkry.

'n Vertrouensverhouding met die familie stel die oortreder in staat om tyd saam met die kind deur te bring deur as kinderoppasser op te tree of die kind te nooi om oor te slaap. Daar is al wêreldwyd verskeie gevalle opgeteken van mense in magsposisies wat ouers met geld of werksgeleenthede omkoop in ruil vir die geleentheid om alleen saam met die kind te wees. Hierdie seksuele oortreders kontak dikwels die kinders oor die internet en doen hulself soms as kinders voor, voordat hulle die kind vra om hulle persoonlik te ontmoet.

## Hoe kan ouers seksuele gereedmaking van kinders voorkom of daarteen optree?

- Help jou kinders om te verstaan met wie hulle op sosiale media moet en nie moet kommunikeer nie.
- Moedig hulle aan om net te kommunikeer met mense wat hulle reeds ken.
- Wees bedag op veranderinge in jou kind, soos dat hulle uitermate geheimsinnig is oor hulle aanlyn-aktiwiteite, 'n veel ouer kêrel of meisie het, mense by ongewone plekke ontmoet, skielik nuwe goed besit of toegang tot alkohol en dwelms het.
- Lig jou kind in oor die gevare van seksuele gereedmaking.

## Die regering se standpunt oor seksuele gereedmaking van kinders

Die seksuele gereedmaking van kinders word ingevolge die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007 as 'n ernstige seksuele misdryf beskou. Wetstoepassers en die regering reageer gewoonlik baie vinnig op enige bewerings van seksuele mishandeling van kinders.

Die burgemeester wat hom na bewering aan seksuele gereedmaking van kinders skuldig gemaak het, is onmiddellik in hegtenis geneem en geskors. Die Gautengse LUR vir Maatskaplike Ontwikkeling, Nandi Mayathula-Khoza, het aan die provinsiale wetgewer verduidelik dat 'n strafregtelike saak deur die provinsiale eenheid vir gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksuele misdrywe ondersoek word.

"Die Kabinet se spesiale taakspan het die meisie se huis besoek om feite in te win en ondersteuning te bied. Die familie het om 'n beskermingsbevel aansoek gedoen om te verseker dat die beweerde oortreder ophou om die meisie te kontak," het die LUR gesê.

### Waar kan jy hulp kry?

Slagoffers of ouers kan die volgende instansies kontak:
SAPS Stop Misdaad: 0860 010 111
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se 24-uurbeheersentrum: 0800 428 428
Kinderwelsyn: 0861 424 453
Jy kan ook enige vermoedelike seksuele gereedmaking van kinders by jou naaste polisiestasie of die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanmeld. V

# Metro police are here for you

Recent reports in the media about metro police brutality have highlighted the need to put a spotlight on the important role this department plays in making sure that there is safety, security and order in the cities

## Is the Metro Police Service part of the South African Police Service?

No. The Metro Police Service is a department within a municipality.The SAPS and the metro police often work together in the fight against crime.

## How do I identify the Metro Police?

The metro police are easily identified. They have a distinctive blue uniform with a blue and white checkered band on their hats. Their vehicles are also clearly marked with the same blue and white checkered band on the sides.

## Besides law enforcement, what other work do metro police officers do?

Metro police direct traffic in the event of an accident, breakdown, spillage or when lights are out of order. They also enforce bylaws, for example, checking for illegal traders and over-loaded vehicles. They enforce public transport legislation and assist with vehicle testing.

Metro police officers are there to ensure there is law and order in the cities in which we live. It's up to all of us to work with them to ensure that they are able to perform their duties.

## What work do metro police do?

The metro policemen do all the usual work that you would expect from a police service. They enforce the bylaws and attend to any criminal or traffic offences. However they do not investigate crimes nor have police cells to lock up suspects. Once an arrest is made, the suspect is handed over to the SAPS for follow-up investigation.

## How quickly will the metro police respond to a call?

In many cases metro police are constantly patrolling the area in a number of ways. There is usually a bicycle section, a horse unit, motorcycles and a wide variety of other vehicles. Metro police also patrol on foot.

## What sort of training do the new recruits go on?

Municipalities ensure that recruits go on training to prepare them for their work. Training involves the city's bylaws, traffic regulations, and crime prevention legislation, self-defence, among others.

Metro Police officers undergo ongoing training to remain well informed of changes in legislation, new methods of crime prevention, etc. V